HSH - WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

VALUE FOR TERM 2 : INCLUSIVITY – LEAVE NO ONE BEHIND!

Nuusbrief 05/2024
20 Maart 2024

Liewe HSH

Ek het Saterdagaand die hartseer taak gehad om ’n baie spesiale groep mense te groet: HSH se Beheerliggaam vir die afgelope 3 jaar. Ek sit om die vuur en dink watter ongelooflike waarde hierdie manne en vroue die afgelope 3 jaar tot HSH gevoeg het! Hulle wysheid en passie vir HSH was vir my ’n konstante inspirasie. Baie dankie, Calla! Jy en jou span laat HSH op ’n baie beter plek as wat julle hom in gevind het.

HSH staff walks out of a marks dicussion on Friday afternoon at 16:30 and gets on our buses to the Brackenfell Sports Day at 06:00 on Saturday morning, getting home Saturday evening after a week of intense marking. On Saturday morning I watch our boys’ first hockey team playing against Bredasdorp. After 2 weeks of test series, they play their hearts out. Although they lose the game, there was no lack of effort. They gave it their all! Reflecting on Sunday morning, I came to the realisation that our biggest asset on our inventory is not our brand new Scania bus. We are blessed with top quality human beings in the HSH family. Thank you, School Governing Body members, for your passion for HSH! Thank you, Oom Porra, for getting us safely home with a smile on you face! Thank you, Schalk Pretorius, for being a team manager for the u/16A rugby team for the sake of doing something for your school! We are way better off because at HSH we are fortunate to have people like you!

1. **Leerderprestasie**

HSH se atlete het soos volg tydens die Wes-Kaap Kampioenskappe presteer:

Laerskool

Eerste plekke:	Elgan de Wet 100m en 150m S O/12
Tweede plek:	Elgan de Wet Aflos S O/12
Derde plekke:	Anika Basson D O/11 Gewigstoot
	Kiara van der Walt D O/13 1500m Stap

Hoërskool

Eerste plek:	Mariné Grobler Spiesgooi D O/17 55,20m verbeter nie amptelik die SA rekord
Tweede plek:	Mité Pieters 5000m Stap S O/15

HSH is ongelooflik trots op Mariné se uitsonderlike prestasie – sy is aangewys as die beste dogtersatleet tydens die Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe! Dit is ’n groot eer en die vrug van haar harde werk! Ons beste wense vergesel ook ons atlete wat aan die S.A.-Kampioenskappe gaan deelneem. We are also proud of Mar-Jean Cloete who took part at the SA Action Nettball Championships. Our best wishes also accompany our biathlon athletes for their national championships during the holidays.

Our hockey teams are going on a tour to Ceres during the holiday. Netball teams are travelling to Paarl Gimnasium for a tournament, while our rugby teams are going to show their mettle in Paarl and Stellenbosch respectively. We thank our coaches for creating these opportunities for our learners. Thank you to our parents making financial sacrifices to make opportunities like these possible.

Top 5 / Top 10 akademiese prestasies

HSH se top akademiese presteerders in die onderskeie graadgroepe is soos volg:

Graad 4 1. Katinka Visser 2. Anzelle Human 3. Anria de Kock 4. Magdalena van Heerden 5. Cruz Koopman 5. Remé Pieters	Graad 5 1. Anje van Wyk 2. Dawid Geyser 3. Carys Breedyk 4. Lienke le Roux 4. Gabriella Viljoen 5. Jacobus Kruger
Graad 6 1. Franz Raubenheimer 2. Liani Swindon 3. Elgan de Wet 4. Miguel Vermooten 5. Mia Steyn	Graad 7 1. Frederik Kotze 2. Madison de Wit 2. Monét Pienaar 3. Daniel van Hansen 4. Kopano Ramokgadi 5. Wernich Schreuder
Graad 8 1. Kristina Jonker 2. Anya Nel 3. Niena Viljoen 4. Christijan Opperman 5. Mianke Nel 6. Caleb James 7. Liane Kruger 8. Caitla Eksteen 9. Ave Khuselo 10. Tamikah Mason	Graad 9 1. Almari van Niekerk 2. Jeanine Jordaan 3. Henry Burden 4. Anya Muller 5. Alex Pienaar 6. Cornelia Smit 7. Jacques van Zyl 8. Morgan Greeff 9. Alex Alberts 9. Behn Shepherd 10. Daniel Lu
Graad 10 1. Heinrich Koegelenberg 2. Maria Geyser 3. Hein-Dawid du Randt 4. Mienke Teubes 5. Ané Delport 6. Megan Mostert 7. Carla Conradie 8. Lienke Nel 8. Enrique Visagie 9. Juandré Corrie 10. Karissa Ludick	Graad 11 1. Daniel Olivier 2. Schalk Jonker 3. Mieke Reynolds 4. Ruwan Beaton 5. Johannes van Eck 6. Carmen Pieters 6. Ehan-Neethling Nortier 7. Emma Melck 8. Ethan van Zyl 9. Ryeleigh Lentz 10. Nina Thiart

Graad 12 1. Marnia Opperman 2. Daniella van Niekerk 3. Jamie Grovers 4. Thinus Moolman 5. Chrizandi Basson 6. Ashley Gijsbers 7. Anyke Nell 8. Luani van Hansen 9. Ylan Nguyen Bai 10. Hermien Grobler	

HSH is ook trots op elke leerder wat sy bes gedoen het!

2. **Skoolbeheerliggaamverkiesing**

Die Beheerliggaam vir Hoërskool Hopefield sal vir die volgende 3 jaar termyn soos volg saamgestel wees:

Wehan Fourie (Skoolhoof)

Ouerverteenwoordigers:
Tommy Adams
Elricka de Vries
Gideon Dixon
Johan le Roux
Arina Hanekom
Rassie Nortier
Jurianne Schreuder

Opvoederverteenwoordigers:
Rosa Cruywagen
Nelius van Tonder

Nie-opvoederverteenwoordiger:
Anneke Basson

Leerderverteenwoordigers:
Chrizandi Bason
Aidan Strydom

Ons wens hulle net die beste toe vir hierdie belangrike taak!

3. **Protokol**

HSH streef daarna om op alle vlakke uitnemend te wees, maar ons besef dat ons soms ook foute maak. Wat maak u as ouer as u ongelukkig is? Eerstens, maak ‘n afspraak met die betrokke onderwyser op ‘n tyd en plek wat u albei pas en bespreek die saak op ‘n beskaafde manier. U kan ook alternatiewelik ‘n afspraak met die opvoeder maak tydens een van die vier oueraande wat op ‘n kwartaallikse basis plaasvind. As u probleem op hierdie vlak nie na u mening behoorlik opgelos is nie, kontak die skoolhoof vir ‘n afspraak. As u na afloop van hierdie gesprekke nog nie tevrede is nie, is u welkom om die Kringkantoor in Vredenburg te skakel.

It is very important for all parties not to take school issues to social media. In all aspects of life it is completely unfair to hear about organisational issues from social media. Stick to protocol, use the existing channels and let us look each other in the eyes and address the issues at hand for the benefit of HSH, our educators and learners.

4. School Attendance

Is it very important for parents to know that the school must be informed about learner absence. If a Formal Assessment Task/Test was missed because of learner absence, a doctor's certificate or clinic letter must be submitted.

Parents must also note that learners will not be allowed to participate in school sport activities on weekends if they are absent on a Friday. Ouers moet kennis neem dat leerders nie toegelaat sal word om tydens naweke aan skoolsportaktiwiteite deel te neem as hulle op 'n Vrydag afwesig is nie.

5. Oueraand

Ouers word herinner aan die Oueraand op **Donderdag, 4 April** vanaf 17:00 by die skool. Ouers kan afsprake maak by die onderskeie vakonderwysers. **Kontak die sekretaresse vir 'n afspraak en wees asseblief seker met watter vakonderwysers u 'n afspraak wil maak op hierdie aand.**

6. Merk van klere

Ons wil weer 'n dringende beroep op ouers doen om leerders se skooldrag deeglik en duidelik te merk. Daar is eenvoudig te veel ongemerkte klere wat verlore raak en nie by mev. Maree afgehaal word nie.

7. Akademiese ingesteldheid en sportdeelname

Die personeel is baie bekommerd oor die ingesteldheid van sommige leerders teenoor hulle tuiswerk, take en toetse en hierdie ingesteldheid sal beslis gereflekteer word in hul negatiewe punte en rapport wat ouers aan die einde van die kwartaal gaan ontvang. Ons doen 'n dringende beroep op ouers om opvoeders te ondersteun in hulle poging om leerders se gesindhede te verander. Dit is ook kommerwekkend om te sien hoe baie leerders op sportdae in studieklasse sit. HSH het 'n trotse tradisie van deelname wat oor dekades strek. **Leerders moet ten minste aan een winter- en een somersport deelneem.** Ledigheid is die duiwel se oorkussing!

8. "Commitment"

Die Engelse woord "commitment" het net soveel meer oemf as die ekwavilent in Afrikaans, dus verskoon die gebruik daarvan in hiérdie skrywe. HSH het die afgelope paar jaar konstant bokant ons gewigsklas baklei en baie skole op hulle neuse laat kyk op die sportveld. Dit is almal skole wat getallegewys baie groter as HSH is. Hoe doen ons dit? Absolute "commitment" deur ons leerders, hulle ouers en opvoeders. Dit is die resep vir sukses by HSH en ons moet dit nóóit vergeet nie. Ek wil hierdie resep vir ons skool se sukses veral aan ons ouers in die Grondslagfase voorhou. **As ons "commit" vir sport, kultuur en ander skoolaktiwiteite, moet ons daarby hou. Ons kan nie besluit wanneer hierdie "commitment" vir ons gaan werk of nie gaan werk nie.** En uiteindelik pluk ons almal die vrug van "commitment" soos die afgelope paar jaar baie duidelik vir almal is.

9. **Mondskerms**

Ons wil ouers van hokkie- en rugbyspelers ernstig aanmoedig om vir die seuns en dogters goeie, hoë kwaliteit mondskerms aan te koop. Hierdie stukkie toerusting kan die risiko van mond- en kopbeserings voorkom.

10. **Tydsraamwerke vir toelatings 2025**

Die volgende datums is belangrik vir ouers wat vir 2025 by HSH wil aansoek doen: (Gr. 1 en 8)

11 Maart 2024	Skooltoelatings **open** (alle gewone openbare skole)
12 April 2024	Skooltoelatings **sluit** (alle gewone openbare skole)
15 April tot 17 Mei 2024	Skole verwerk aansoeke
22 Mei 2024	**Prinsipale finaliseer die status van alle aansoeke op die aanlyn toelatingstelsel en teken dit af**
27 Mei 2024	Kringbestuurders teken die status van alle toelatings op Edulnfo Search af
29 Mei 2024	Stelsel vertoon die uitslag van alle aansoeke
29 Mei tot 03 Junie 2024	Ouers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig
29 Mei tot 14 Junie 2024	**Ouers bevestig aanvaarding.**

11. **Afwesigheid**

U word versoek om leerder-afwesigheid onmiddellik op dieselfde dag met die skool te kommunikeer. Ouers word ook herinner dat die skool, soos ander WKOD-skole, ‘n stelsel van deurlopende assessering volg en dat leerders die skool van ‘n mediese sertifikaat moet voorsien indien hy/sy ‘n formele toets/taak sou misloop. **Baie belangrik: Moenie die registeronderwyser inlig oor afwesigheid nie. Afwesigheid moet met die skool se sekretaresses gekommunikeer word.**

12. **Resolusie 1 – 100% HSH**

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: **’n minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar**. Gesien in die lig dat daar in die 2023 boekjaar R3080531 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, **word ’n beroep op ouers wat vrystelling ontvang, gedoen om hierdie minimum betaling van R300 per maand te betaal**. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen ’n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende ’n bydrae te lewer tot die skep van ’n uitnemende skool. **Ons doen ook ’n dringende beroep op ouers en voogde om nie die kwytskeldingsproses te misbruik nie. Uiteindelik word ons leerders benadeel.**

13. **HSH Pass**

The minimum requirements for a HSH Pass are as follow:
Grade 4 – 7 - An average of 65% in all subjects and no subject below 50%,
Grade 8 – 12 - An average of 55% in all subjects and no subject below 40%.

Parents must be informed that the HSH Pass is an effort to motivate our learners to aim higher and not just to pass. It is not an official pass requirement.

14. School uniform

Parents are reminded that the wear of Winter uniform will be compulsory from **29 April 2024.**

Die volgende inligting is belangrik t.o.v. die winterdrag:

Seuns: Baadjie, das en wit hemp met boordjie. Dra van kortbroeke toegelaat.
Dogters: Baadjie, nuwe wintersrok, das en wit hemp met boordjie.
(Verpligtend vir alle Gr. 6-12 dogters.)
Die nuwe wintersrok is beskikbaar by die skool se klerebank.

Die dra van 'n kleurbaadjie is verpligtend vir Gr. 6-12. Sweetpakbaadjie is in Gr. 6-12 nie meer deel van die amptelike skooldrag nie.

15. Drug tests

The S.A. Schools Act gives school management the right to do drug tests. We have done a substantial number of drug tests in the past and we will continue to do so in the future. As school management and on behalf of the Governing Body of HSH, we want to assure our parents that we will continue to act in the best interest of all our learners. **We also urge our parents to be aware of your child's activities on social media.** We as parents need to know that our children are being confronted with a completely different world than we were when growing up and we must inform our children about the pitfalls of wrong choices and friends on social media.

16. Finansies

HSH is bevoorreg dat skoolfinansies op hierdie stadium in 'n gesonde toestand is, danksy goeie finansiële bestuur en ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ons wil dus 'n beroep op ouers doen om so voort te gaan en skoolgelde getrou te betaal**. Ons wil ook 'n dringende versoek rig aan ouers wat nie hul skoolgelde betaal nie – doen die regte ding en betaal u agterstallige skoolgelde.** Dit is immers in die beste belang van u kind, want sonder u gereelde en stiptelike betalings kan HSH nie 'n kwaliteit diens lewer nie. Hierdie versoek sluit ook koshuis- en busgelde in.

17. Parents' contact details

We urge parents to make sure that the school has your correct contact details. It is vitally important for the school to have parents' correct contact details, especially in case of emergencies. We at HSH are firm believers that an informed parent is a happy parent. Help us to communicate with you effectively!

18. Vakveranderings

Ons wil ouers en leerders maan om versigtig om te gaan met vakveranderings. Maak seker dat leerders nog steeds aan die toelatingsvereistes voldoen vir die kursusse waarin hulle belang sou stel. Gr. 11-leerders kan nog 'n maksimum van 2 vakke verander voor 20 Maart, terwyl die Gr. 10-leerders se finale datum vir vakverandering 14 Junie is. Geen vakveranderings word na die datums toegelaat nie.

19. Eisteddfod

The second term is traditionally the start of the Eisteddfod process. Our learners performed excellently last year, thanks to the hard work of Mrs Elna van der Westhuizen and her team. It is our aim to improve on last year's results, so let us encourage our learners to participate and also do their bit with regard to cultural activites.

20. Gelmar HSH Varia Revue 2024

HSH se Variagroep is volstoom aan die oefen vir die groot "Show" op 22 en 23 Julie. Ek het al 'n paar keer gaan inloer en is ongelooflik beïndruk. Baie dankie aan hierdie groep leerders en die opvoeders wat by hulle betrokke is. Ons sien met groot afwagting uit na die eindproduk!

21. Tweede detensiebrief

NB! Wanneer 'n leerder 'n tweede (of volgende) detensiebrief ontvang, verander die sanksies na **4 detensies**. Die Beheerliggaam behou die reg voor om chroniese oortreders dissiplinêr te verhoor. **Met die ontvangs van 'n tweede (of volgende) detensiebrief, verloor die leerder die voorreg om aan die eerste skoolaktiwiteit wat dan sal volg, deel te neem. Skoolaktiwiteite sluit in kultuur, sport, uitstappies, ens.**

When a learner receives a second (or follow-up) letter for detention, the sanction changes to **4 detentions**. The SBG is reserving the right to conduct disciplinary hearings with repeat offenders. **When receiving a second (or follow-up) letter for detention, a learner forfeits the privilege to take part in the first school activity that follows. School activities include culture, sport, excursions etc.**

22. Mnr. en Mej. HSH 2024

Hier is die finaliste vir 2024:

Dogters:	Seuns:
Aqilah van Zyl	Ehan Neethling-Nortier
Chloé Henning	Ewout Oosthuizen
Emma Melck	Ghrislan Louw
Lienke Nel	Janco Britz
Mieke Reynolds	Nieken Lubbe
Nina Thiart	Ruben Mostert
Ryeleigh Lentz	Wikus Redelinghuys
Unchen Doyle	Wouter Kotzé

Hierdie glansgeleentheid vind op Woensdag, 1 Mei in die skoolsaal plaas. Kaartjies gaan op Quicket beskikbaar wees en 'n skakel sal aan die begin van die tweede kwartaal gekommunikeer word. Gou spring! Hierdie kaartjies verkoop soos stroop!

23. **Projekte voltooi hierdie kwartaal**

1. Ons skool het ’n splinternuwe verfbaadjie gekry!
2. HSH 5 is hierdie week afgelewer!
3. Die munisipale netbalbane langs die swembad is opgegradeer om nog oefenspasie te skep.
4. Spoggerige wegspringblokke vir ons swemmers.
5. Drie spoggerige pawiljoene vir ons sportgronde danksy Westarcor!

Ek het êrens hierdie kwartaal geskryf dat die eerste kwartaal 2 ratte het. Vreeslik en verskriklik. Hierdie eerste kwartaal was niks anders nie. Hier is verskriklik en vreeslik hard gewerk deur man en muis sedert 8 Januarie. Nou gaan ons rus! Vreeslik en verskriklik lekker! Ek kan verseker nie wag nie! Thank you for wonderful memories made this term. Enjoy every moment of your well-earned rest!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

Hoe lyk ‘n Hopefielder?

- Ons doen die gewone dinge buitengewoon
- Ons staan op wanneer ‘n volwassene of matriek met ons praat
- Ons respekteer dames – altyd
- Ons groet almal en ons groet eerste
- Ons behandel almal met respek
- Ons is ongelooflik trots op ons skool
- Ons is betrokke by alle aktiwiteite van die skool.
- We do the ordinary extra-ordinarily
- At HSH we are a family
- We man-up when we make mistakes
- We show Hopefield guts – always!

Het jy goeie nuus wat jy graag met ons wil deel? Stuur na Anneke, e-pos:

hshbemarker@gmail.com

Enige navrae? Stuur dit na hsh@sandveld.net